

6

ABRAM EN SARA

Ons is gehoorsaam aan God

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders en ouers moet verstaan dat hulle na God moet luister en in Hom moet glo.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

- Die kinders moet die verhaal van Abram en Sara se nageslag ken.
- Die kinders en ouers moet beseft dat God sy beloftes nakom.

Gesindheid

Die kinders en ouers moet dankbaar wees dat God altyd aan sy beloftes getrou bly.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- aan iemand vertel hoe hulle op God vertrou omdat Hy sy beloftes nakom.
- in staat wees om die hoofmomente van die verhaal te noem.

MEER INLIGTING (Genesis 18: 1-15)

- Wys vir hulle die eerste prentjie.

Abram en Sara het in tente gebly. Hulle het nie 'n huis van stene gehad soos ons nie. As hul diere nie meer kos in die veld gehad het nie, het hulle die tente en alles opgepak en na 'n ander plek getrek. As hulle weer kos of water vir hul beeste en ander diere gekry het, het hulle weer hul tent opgeslaan.

Hulle was twee ou mense, baie oud, maar hulle het nie kinders gehad het nie. Arme Sara was baie hartseer daaroor, want sy wou lankal graag 'n kindjie gehad het. Maar nou het sy te oud geword vir 'n kindjie.

Eendag sit Abram by sy tent se deur. Dit was baie warm en hy het 'n bietjie gerus in die skaduwee. Skielik sien hy drie mans daar naby staan.

- Wys vir hulle die tweede prentjie.

Abram spring toe dadelik op en draf na hulle toe: *Menere, sê hy, kom gerus nader. Kom rus 'n bietjie hier onder die boom, terwyl ek water gaan haal dat julle jul voete kan was. Daarna gaan ek vir julle kos gee. Julle moet darem eers iets eet voordat julle verder gaan.* Terwyl die manne daar rus, hardloop Abram en sê vir Sara: *Kry gou 'n bietjie meel en bak vir ons lekker roosterkoeke. Daardie manne is baie honger.*

- Wys vir hulle die derde prentjie.

Toe hardloop hy na sy beeste toe en soek 'n mooi jong kalf, met vleis wat lekker sag is. Hy sê toe vir sy slaaf: *Slag gou hierdie kalf en kry van die vleis reg, sodat ons dit kan gaarmaak.*

Na 'n rukkie was die kos gereed. en Abram het dit vir die manne gegee. Heerlike vleis, roosterkoeke en melk.

- Wys vir hulle die vierde prentjie.

Terwyl die manne so lekker eet, vra een vir Abram: *Waar is jou vrou Sara?* Abram antwoord: *Sy is hier in die tent.* Toe sê die man: *Volgende jaar hierdie tyd kom ek weer hiernatoe. En weet jy wat? Jy en jou vrou Sara gaan dan 'n seuntjie hê.*

Sara het by die tent se deur gestaan en gehoor wat die man sê. *Wat, dink sy, het hy gesê ons gaan 'n seuntjie hê?*

- Wys vir hulle die vyfde prentjie.

Ha, ha, ha, dit is 'n groot grap! lag Sara saggies. *Ons is twee ou mense, hoe kan ons 'n babatjie kry? Dit is mos nie moontlik nie!*

Abram, sê die man, hoekom lag Sara? Hoekom dink sy sy is te oud om 'n kindjie te kry? Dink sy die Here kan nie vir haar 'n kindjie gee as sy al oud is nie? Dink sy nie die Here kan enige iets doen nie?

Abram was te skaam om iets te sê. Hy het nie gedink die man weet dat Sara gelag het nie. Hy het haar dan nie eens hoor lag nie!

Maar die man het nog nie klaar gepraat nie. *Onthou, Abram, die Here het ons gestuur om dit vir julle te kom sê. Dit is Hy wat belowe dat julle 'n seuntjie gaan hê. Jy sal sien, volgende jaar hierdie tyd kom ek weer hiernatoe. Dan sal julle 'n seuntjie hê.* Toe het die mans opgestaan en weggegaan.

- Wys vir hulle laaste prentjie.

Kan julle glo, nie lank daarna nie, toe word Sara swanger. Sy en Abram het 'n seuntjie gekry en hulle het hom Isak genoem. Toe weet hulle, as die Here iets belowe, dan doen Hy dit. Hulle mag nooit weer lag of dink Hy gaan dit nie doen nie!

AANBIEDING

Jy het nodig

Vir elke kind 'n afdruk van die bladsy met prentjies. Een deel aan die voorkant, en die ander deel aan die agterkant van die bladsy – kyk aan die einde van die les.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

Kontroleer of hulle die volgende vrae uit Les 4 kan beantwoord:

- Wat was die sterk man wat 'n leeu doodgemaak het se naam? (*Simson.*)
- Wat is 'n rigter? (*'n Rigter was iemand wat deur God geroep is om die Israeliete te red.*)
- Wat het Simson in die leeu se karkas gekry? (*Heuning.*)
- Kontroleer of hulle die versie wat hulle geleer het, kan voltooi. *Wat is soeter as ... (heuning? Wat is sterker as 'n leeu?) (Rigters 14: 18a).*
- Laat hulle die prentjies wys wat hulle by die huis gaan inkleur het.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Bespreek die volgende vrae met die kinders en ouers:
 - Hoe weet ons God is lief vir ons en dat ons sy kinders is? Laat die gesprek uiteindelik uitkom by die besef dat God gedoen het wat Hy belowe het. (*Hy sorg dat ons lug het om in te asem, dat ons harte klop, dat ons kos en klere het, en Hy het al ons sonde vergewe.*)
 - Wat is 'n belofte? (*Dit is om iets te doen wat jy gesê het jy gaan doen. Jy het gesê as hulle soet is, gaan hulle lekkers kry. Dan het jy 'n belofte gemaak.*)
 - Het julle geweet dat God ook partykeer vir ons iets belowe? (*Vertel vir hulle van God se belofte aan Abram en Sara.*)
- Gee aan elke gesin A4-afdrukke van die prente en laat die ouers die kinders help om die bladsy op die stippellyne te vou, sodat dit 'n boekie vorm met die eerste prentjie voorop. Vou in die rigting van die pyltjies.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van Abram en Sara. Die inligting is in 'n storienvorm gegiet en kan net so gebruik word.

IETS BELANGRIK

- Skerp die feite in deur die volgende vrae te vra en te bespreek:
 - Wie was die twee ou mense wat nie kinders gehad het nie? (*Abram en Sara.*)
 - Wie het toe na hulle toe gekom, terwyl Abram voor die tent gesit het? (*Drie mans wat deur die Here gestuur is.*)
 - Wat het hulle vir Abram en Sara kom sê? (*Dat hulle 'n seuntjie gaan kry.*)
 - Wat het Sara gedoen toe sy dit hoor? (*Sy het gelag.*)
 - Wat het Sara haar babatjie genoem? (*Isak.*)
- Beklemtoon die feit –
 - dat God belowe het om vir ons te sorg en dat Hy dit doen deur elke dag vir ons te gee wat ons nodig het.
 - dat God belowe het om ons sonde weg te neem en dat Hy dit gedoen het toe Jesus in ons plek gestraf is vir ons sonde.
- Vra die ouers om gereeld hul kinders te vertel dat Jesus ons sonde weggevat het. Hulle moet hul kinders lei om by die doop uit te kom. Daar het God bevestig dat Hy ook hul sonde weggewas het met sy bloed.

IETS OM TE DOEN

- Laat hulle begin om die prentjies in te kleur terwyl hulle hul ouers vertel wat in die prentjies gebeur.
- Laat hulle die prentjies tuis gaan voltooi as die tyd julle inhaal.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle die res van die prente gaan inkleur.
- Laat die ouers hulle help om die prent in hul boek te plak deur 'n smal strepie gom aan die oop kant van die vierde prentjie te smeer.
- Vra die ouers en die kinders om by die huis te gaan gesels oor verdere beloftes van God en hoe ons daarop kan antwoord.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Abram en Sara was die twee ou mense wat nie kinders gehad het nie.
- Drie mans wat deur die Here gestuur is, het vir Abram kom sê dat hulle 'n seun sou hê.
- Sara het gelag toe sy dit hoor.
- Sara se babatjie se naam was Isak.
- Alles wat God aan ons belowe het, sal Hy doen.

AFSLUITING

- Sing of lees Gesang 509: 1 en 4.

- Verduidelik eers aan die kinders dat God belowe het Hy is oral, daarom sal Hy altyd by ons wees.
- Ons moet altyd sy beloftes glo, daarom moet ons weet Hy is altyd by ons.


*Op berge en in dale en oral is my God;
 waar ons ook telkemale mag swerwe, daar is God!
 Waar ons gedagtes swewe of styg, ook daar is God;
 omlaag en hoog verhewe – ja, oral is my God!*

*Roem, Christen, heel my lewe is veilig in my God;
 waar alles my begewe, of waar ek ly, is God;
 waar troue vriendehande nie red nie, daar is God;
 selfs in die dood se bande – ja, oral is my God!*

Belangrik:

- Reël met die dominee om volgende Sondag Les 7 se MEER INLIGTING en IETS INTERESSANT met die kinders te kom behandel en met hulle te gesels oor die verskillende take wat hy of sy as predikant het.
- Reël met die ouers om Sondag weer saam te kom klas toe.

Voorbeeld van gevoude bladsy





Voorkant van bladsy – vergroot na A4



Agterkant van bladsy – vergroot na A4

